### *Die owerste en die toepassing van die leer*

**68** Op daardie oomblik kom die Romeinse militêre afvaardiging daar aan en hulle leier oorhandig aan My `n versoekskrif vanaf die hoofaanvoerder en bevelhebber van die fort waarin hy my vra om, in almal se belang, van die voorval te vergeet asook om by die geselskap daarop aan te dring om aan niemand `n woord te rep oor wat daar plaasgevind het nie. Dit sou hom persoonlik skade berokken, terwyl niemand daarby sou baat nie. Dit sou, daarenteen, vir almal voordeliger wees om hom, as die Romeinse bevelhebber, as vriend te behou as om hom tot vyand te maak. Jaïrus moet ook stilbly, en kry boonop die versekering dat hy en sy huis voortaan met rus gelaat sal word. Verder versoek hy My om hom in sy tuiste te besoek, want hy het `n baie vertroulike en belangrike saak om met My te bespreek.

[2] Daarop antwoord **Ek** die oorhandiger van die brief: “Sê aan jou bevelhebber dat dit sal wees soos hy gevra het. Ek sal nietemin nie na sy huis toe gaan nie; as hy met My oor vertroulike en belangrike sake wil praat, dan moet hy vir my by die ingang van hierdie plekkie wag, en dan sal Ek vir hom vertel waaroor dit is wat hy met my wil praat.”

[3] Na hierdie gesprek vertrek die gesant met sy geselskap en dra aan sy bevelvoerder alles oor wat hy by My gehoor het. Die owerste en sy allerbeste onderbevelvoerder gaan onmiddellik na die ingang van die plekkie om daar op My te wag.

[4] Jaïrus vra My egter of hierdie uitnodiging wel te vertrou is, want hy ken die groot sluheid van die opperbevelhebber, wat tewens ook `n owerste is. Die man het op hierdie manier al verskeie mense na die ander wêreld gehelp.

[5] Maar **Ek** sê: “Liewe vriend, ek ken hom mos ook; hoe hy voorheen was en hoe hy nou is. Die Jongmanne het `n spesiale ontsag by hom ingeboesem; hy glo dat hulle beskermgeeste is en vir My sien hy aan as die seun van sy god, Jupiter, en hy wil nou by My hoor of dit so is. Ek weet egter goed wat Ek hom gaan antwoord!”

[6] Jaïrus word hierdeur gerusgestel, en ons kom by die poort aan waar die owerste met sy offisiere al op ons wag. Hy kom dadelik na vore, groet my vriendelik en wil my dadelik vertel wat hy op die hart het.

[7] **Ek** is hom egter een voor en sê vir hom: “Vriend! My dienaars is geen beskermgeeste nie en Ek is ook sekerlik nie die seun van jou Zeus nie. Daar weet jy nou alles wat jy wou weet en wat jy jou voorgeneem het om My te vra.”

[8] **Die Owerste** is baie verbaas dat Ek hom sonder meer alles kon vertel wat hy in gedagte gehad het en waaroor hy met niemand gepraat het nie.

[9] Nog nie heeltemal van sy verbasing herstel nie, wil hy My nog `n keer iets vra en sê: ” As U dit nie is nie, vertel my dan tog wie en wat U en U dienaars dan nou eintlik is. U is in elk geval meer as sommer die gewone deursnee mens. Ek sou dit op prys stel as ek die eer wat U toekom aan U kan bewys.”

[10] **Ek** antwoord: ” Elke mens wat eerlik en opreg vra, verdien om net so geantwoord te word. U het My nou eerlik en opreg gevra en kry daarom `n gepaste antwoord; luister dus: Ek is in die eerste plek die Een wat nou voor u staan, naamlik `n mens. Daar is weliswaar baie op die aarde wat soos Ek mag lyk, ja, maar dis nie te sê dat hulle mense is nie - hulle is maar net menslike larwes. Hoe nader mens aan volmaaktheid kom, des te meer mag en krag lê daar in sy insig opgesluit en des te meer ryk aan magtige en kragtige opbrengs is die uitwerking van sy wil.”

[11] **Die owerste** vra: ” Kan enige mens net so volmaak soos U word?”

[12] **Ek** sê: “O ja! As hy die dinge wat Ek leer om volmaak te word, doen.”

[13] **Die owerste** sê: “Vertel my dan wat U leer is dat ek dit kan toepas en daarvolgens lewe.”

[14] **Ek** sê: “Die leer sou Ek u wel kon gee, maar dit sou u weinig baat omdat u nie daarvolgens gaan lewe nie. Solank u dit is wat Rome van u verwag om te wees, kan My leer u nie van diens wees nie; u sal alles in die steek moet laat en My moet volg, anders gaan dit nie vir u moontlik wees om volgens My leer te leef nie.”

[15] **Die owerste** sê: “Ja, dit sal inderdaad baie moeilik wees. Maar desondanks kan U my tog `n paar belangrike hoofbeginsels van U leer meedeel. Ek het tog kennis van baie verskillende dinge en het goeie insig daarin, hoekom sou ek dan nie van U leer ook `n bietjie kennis opdoen nie? Miskien kan ek dit dan tog êrens in die praktyk toepas!

[16] **Ek** sê: ” My vriend, as dit nou so is dat My leer vereis dat mens My moet volg, omdat hy nie op `n ander manier in My Ryk van Volmaaktheid kan ingaan nie, hoe wil u die leer dan hier by u toepas?”

[17] **Die owerste** sê: “Dit mag wel baie vreemd klink, maar dalk is dit tog moontlik. Laat ek `n oomblikkie daaroor nadink.”

[18] **Die owerste** oordink die saak `n oomblik en vra dan: “Is U bedoeling dat mens U in persoon moet navolg, of eintlik net in `n morele opsig?”

[19] **Ek** sê: ” `n Morele tesame met `n persoonlike navolging, indien enigsins moontlik, word sterk aanbeveel. As persoonlike navolging weens noodsaaklike werksverpligtinge nie moontlik is nie, dan sal gewetensvolle morele navolging voldoen. Maar die gewete moet My, in die Liefde tot My sowel as tot alle mense, en daardeur die suiwerste Waarheid,

as grondslag hê. Morele navolging sonder hierdie grondslag sou geestelike dood beteken - begryp u dit?"

[20] **Die owerste** sê: "Dis vir my duister. As dit egter so is, wat maak ek dan met al my pragtige gode? My voorvaders het aan hulle geglo - sou dit reg wees as ek steeds aan die geloof van my voorvaders trou bly, of moet ek nou in die Elohim van die Judeërs begin glo?"

### *Die menslike brein kan ontelbare gode skep*

**69** **Ek** sê: "Dit kan jou voorouers nie skeel nie en nog minder die gode wat hulle aanbid het; jou voorouers is lank reeds dood en hulle gode het nêrens anders as in die verbeelding van hulle digters bestaan nie. Nie hulle name, nog hulle afbeeldings het in werklikheid ooit bestaan nie. As u dus hierdie volkome leë geloof in u gode laat vaar, is dit mos nou niks nie. Hulle kan u siel ewe min versterk as wat `n afbeelding van voedsel u honger kan stil. Hierdie dinge het, soos Ek reeds gesê het, geen werklike betekenis nie. Wat alles egter op neerkom, **is die enkele suiwer Waarheid, en die lewe in, uit en deur hierdie suiwer Waarheid.**

[2] Want, as jy vanuit die leuen leef, dan is jou lewe self niks anders as `n leuen nie en kan nooit `n werklikheid word nie. As jou lewe daarenteen op die Waarheid gegrondves is en in sigself waarheid is, dan is alles wat uit jou lewe voortspruit `n realiteit en `n werklikheid. Vanuit die leuen kan niemand die Waarheid haal of leer ken nie, want vir die leuen is alles `n leuen. Slegs vir diegene wat opnuut uit die Gees van Waarheid gebore word en in sigself Waarheid is, ja, selfs die volle Waarheid, word vir hulle selfs die leuen tot waarheid.

[3] Wie die leuen as sodanig kan herken, hy is self geheel-en-al waarheid, omdat hy die leuen onmiddellik kan herken vir wat dit is; en dit is ook Waarheid. Begryp u dit?"

[4] **Die owerste** sê: "Vriend! Wat u sê is alles waar en U beskik oor grondige Wysheid. Maar wat en waar is die groot en heerlike Waarheid? Is dinge werklik soos ons dit sien, of sien die oog van `n Neger dit soms anders as ons? `n Vrug smaak vir een mens soet en lekker, maar dieselfde vrug smaak vir `n ander bitter en weersinwekkend. Ook praat verskillende stamme van mense verskillende tale; watter daarvan is waar en goed? `n Persoon, as `n afsonderlike individu, mag wel baie wat waar is in hom hê, maar `n algemene, allesomvattende waarheid kan volgens my nie bestaan nie - en as daar so iets is, toon dan vir my aan waar en wat sy is en waaruit sy bestaan!"

[5] **Ek** sê: "My vriend, kyk, dit is die oue, aan u welbekende Gordiaanse knoop wat deur niemand anders as die held wat u ken uit Macedonië kon ontknoop word nie.

[6] Dit wat u met u ledemate sien en voel, is gelyksoortig aan u liggaam en sy ledemate; dit is net so onbestendig en verganklik. Maar iets wat onbestendig en verganklik is, kan onmoontlik tog aan u die bronstof vir die ewige, altyd bestendige en onverganklike Waarheid bied!

[7] **Daar is slegs Een in die mens en hierdie groot en aparte Een is die Liefde** en hierdie Liefde is waarlik `n vuur vanuit Elohim wat in die hart van die mens inwoon. **Nêrens anders as in hierdie Liefde is Waarheid nie, want die Liefde is die oeroorsprong van alle Waarheid in en uit Elohim, en vanuit Hom in die mens.**

[8] As u hierdie dinge in volle waarheid wil raaksien en herken, net soos u uself sien en ken, dan moet u dit doen vanuit hierdie enigste oeroorsprong van u bestaan. Al die ander dinge is misleidend; die verstand in elke mens se kop met alles wat dit bevat hoort tot die veld van die Gordiaanse knoop soos dit aan u bekend is en wat deur niemand op bedagsame wyse ontknoop kan word nie.

[9] Slegs met snydende geweld kan mens hierdie knoop in jou eie hart, met behulp van die Gees van Liefde, deurhak. Hierna begin mens in jou hart te dink, te sien en te herken. **Langs hierdie nuwe weg kom mens dan tot die Waarheid van jou eie sowel as alle andere se bestaan en se lewe.**

[10] U kop kan vir u tallose gode skep, maar wat sou hulle wees? Ek sê vir u, hulle is slegs ydele, lewelose beelde, wat deur die meganisme van u gedagtes vir u opgeroep word. In u hart vind u egter maar net een God, en Hy is waaragtig, omdat die Liefde waarin die enige ware God gevind is, self die Waarheid is.

[11] Die waarheid is slegs maar in die Waarheid te soek en te vind. U kop het goed gedoen as dit aan u die sleutel tot die Waarheid gegee het. Alles wat u tot Liefde aanspoor en tot Liefde aantrek, mag dalk `n sleutel tot die Waarheid wees; laat u dus deur so `n aansporing en deur so `n aangetrokkenheid lei en tree binne-in die liefde van u hart en u sal die Waarheid vind, en dit sal u van alle bedrog bevry!"